

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 8

# 8 Ontstaan en vestiging van ontwikkelende landbou in die GRAAN- EN OLIESADEBEDRYF

*Ek het gedink "Hoekom doen iemand nie iets hieraan nie?" En toe het ek besef ek is iemand* – Skrywer onbekend

Vroeë ontwikkelende landbou-inisiatiewe ten opsigte van graan- en oliesaadproduksie is reeds voor die stigting van Graan SA deur landbou-organisasies soos die Nasionale Olie- en Proteïensaadprodusente-organisasie (NOPO) en die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (NAMPO) geïmplementeer. Hulle sukses, en die duidelik behoefte aan kennis en netwerking wat deur die boere getoon is, het Graan SA aangemoedig om hierdie inisiatief oor te neem en op die positiewe momentum voort te bou.

Teen 2005 het Graan SA se Hoofbestuur opdrag gegee dat die bestuur dokumentasie moes voorberei om aan die Kongres van 2006 voor te lê. Hulle wou die deelname en stemreg verskans van ontwikkelende boere wat deur hulle streek na die Kongres toe gestuur is. Die Kongres het hierdie voorstel heelhartig ondersteun, en ontwikkelende boere is formeel by die strukture van die organisasie ingesluit.

Die studiegroepe is hierna in vier streke gegroepeer: Noord, Suid, Oos en Wes. Elke streek is gevra om 'n lid te benoem wat volle stemreg sou hê en hulle op die Hoofbestuur en ander strukture in die sektor, insluitende die Ontwikkelende Landbou-werkgroep, sou verteenwoordig. Die gees van die kongresbesluit was 'n belangrike aanwyser deur die kommersiële boere van hulle voorneme om met die transformasie- en grondhervormingsproses saam te werk deur by te dra tot die ontwikkeling van boere deur die oordrag van kennis, vaardigheidsontwikkeling en mentorskapsteun waar dit ook al nodig is.

Die Ontwikkelende Landbouprogram (OLP) van Graan SA is nou reeds meer as tien jaar lank aan die gang, en die program verskaf tans sy dienste vanuit nege verskillende streekskantore aan boere. Die pad was nie orals ewe gelyk nie, en daar was talle uitdagings en teleurstellings tussenin, maar doelgerigtheid en passie was die dryfveer van die produsentelede en bestuur van Graan SA, sowel as van die ontwikkelende landbouspan, wat mettertyd aansienlik uitgebrei is. Ongelooflike resultate het na talle jare, duisende kilometer en hardnekkige vasberadenheid gevolg, en is die deurlopende bron van inspirasie en motivering vir die voortgesette groei van die program.

Reën-afhanklike graanverbouing in Suid-Afrika is lank reeds onder geweldige druk. Die waarde van die graan het vir baie jare nie op gelyke voet met die prys van insette gestyg nie, en weerspieël nie die risiko's betrokke by hierdie soort boerdery nie. In 'n Suid-Afrikaanse konteks is daar in elk geval 'n aantal belangrike redes waarom dit steeds nodig is om "bemagtigde swart kommersiële boere" te ontwikkel – onder andere die behoefte aan 'n verenigde stem sodat die werklike probleme waarvoor boere (en dus nasionale voedselsekerheid) te staan kom, uit die weg geruim kan word. Landbou is 'n belangrike werkgewer en die basis van talle verwante bedrywe wat ook ten opsigte van werkskepping en die bruto nasionale produk bydra. Sover dit die landelike ontwikkelingsplan en grondtransformasie-agenda van Suid-Afrika betref, is dit belangrik dat 30% van grond in wit besit in die hande van swart boere moes wees, wat impliseer dat 30% van insette en uitsette ook van daardie grond moet kom.

Dit is alles redes wat voortgaan om Graan SA te inspireer om die OLP se missieverklaring van vandag na te streef: *Om swart kommersiële boere met kapasiteit*



**Mnr Gert Pretorius**



**Mnr Nico Vermaak, voormalige Bestuurder van NOPO.**



**Mnr Cois Harman**

*te ontwikkel en tot huishoudelike en nasionale voedselsekerheid by te dra deur die optimale gebruik van die natuurlike hulpbronne wat tot elke boer se beskikking is.*

Fundamentele determinante is in navolging van hierdie missie as raamwerk vir volhoubare ontwikkeling en transformasie in die sektor neergelê.

## NOPO STAAN ONTWIKKELENDE BOERE BY

Die vroeë inisiatief om ontwikkelende boere by die NOPO-strukture in te sluit, het by die NOPO Kongres van Februarie 1997 gestalte gekry. Die gemeenskap van boere het die besluit geneem dat hulle toegang tot die struktuur van georganiseerde landbou vir alle boere moontlik wou maak – ongeag kleur.

Die doelwit was uit die staanspoor om te verseker dat opkomende boere by die Hoofbestuur sowel as die algemene kongres ingesluit word. Lidmaatskap van NOPO was nou tot alle ontwikkelende boere se beskikking en teen 26 Maart 1997 is die bykomende streek 10, wat aan ontwikkelende boere seggenskap en 'n stem gegee het, by die samestelling van die uitvoerende komitee ingesluit.

Daar was talle belanghebbendes en die organisasie is deur 'n aantal belangrike rolspelers aan die opkomende boere bekend gestel. Mnr Naas Bellingan, hoofbestuurslid van NOPO, het uit sy pad gegaan om met ontwikkelende boere in Noordwes kontak te maak, en die span van die Landbounavorsingsraad, veral dr Klaus Pakendorf, en mnre Phonnie du Toit en Johan Els, het 'n rol in die daarstelling van die stigtingskomitee van streek 10 gespeel.

'n Ander belangrike rolspeler was mnr Gert Pretorius, die Voorsitter van NOPO in die Lichtenburg-distrik, wat die inisiatief van die begin af ondersteun het en die leiding geneem het om die motivering vir die nodige finansies vir die verskillende NOPO-ontwikkelingsprojekte te verskaf. Dit het onder die leiding van mnr Nico Vermaak, Bestuurder van NOPO op daardie tydstip, plaasgevind. NOPO het met ontwikkelende landbou begin lank voordat dit 'n tendens in landbou geword het, aangesien dit die regte ding was om te doen. Die aksie is aangevoer deur leierboere in die Hoofbestuur, vir wie dit 'n passie was om as mentors te dien.

Die projekbefondsing het gekom van die OPOT, met die ondersteuning van die Oliesade-advieskomitee. Die eerste verteenwoordiger van ontwikkelende boere op die dagbestuur van NOPO was die bekende boer uit die Rustenburg-streek, mnr Basie Ntsimane. Ntsimane is ondersteun deur nege ander boere wat tot die streek 10-komitee verkies is, naamlik mnre Stephen Mohappaanele, Filie M Gaseetshubelwe, John Loeto (Taung), Joseph Appolus, David Legobate, David Miga, Barney SJ Saudi, Harold Mathekga en BA Kgosiemang.

Teen Oktober 1997 is mnr Cois Harman, 'n taalkundige en boer, deur NOPO aangestel as 'n ontwikkelende landboubeampte met sy basis in Zeerust. Hy het belangrike baanbrekerswerk gedoen met die bou van bande met ontwikkelende graanboere en die vestiging van die eerste studiegroepe. Deur middel van hierdie strukture het dit vir die eerste keer moontlik geword om verhoudings te bou met boere in die afgeleë streke van Noordwes – 'n belangrike sonneblom- en sorghum-produserende streek van die land.

Op 1 Desember 1997 het NOPO amptelik in Zeerust 'n streekskantoor geopen, wat deur die administratiewe assistent, me Julia Ramokhua, bedryf is. Erkenning moet gegee word aan die OPOT, wat die NOPO-projekte befonds het wat uit hierdie kantoor geïmplementeer is, en wat bygedra het tot die instelling van 'n dinamiese proses wat baie vinnig beduidende momentum opgetel het.

Die ontwikkelende landbou-aktiwiteite het vinnig resultate getoon. Die reikwydte van die projekte het uitgebrei en befondsing is vir 1998/1999 verskaf. Inligtingsdae is in samewerking met die LNR in Noordwes, Mpumalanga, die destydse Noordelike Provinsie (nou Limpopo) en die Vrystaat gehou. In Augustus 1998 is 'n "leierprodusentekursus" deur die NOPO-kantoor op Zeerust georganiseer. Dit was baie gewild en die groot bywoningsyfer het duidelik die boere se behoefte aan opleiding aangedui.

Kommunikasie en netwerke met die ontwikkelende boere is gevestig in die vorm van 'n Tswana-nuusbrief, NOPO/*Pula*, wat elke twee maande verskyn het.



## MEER SOET AS BITTER

JANE MCPHERSON

Die stories wat ons oor ons werk as deel van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram kan vertel, is eindeloos. Elkeen van die spanlede het 'n aangrypende verhaal wat van die impak van hulle werk en ver-anderde lewens getuig.

Stories soos wanneer 'n bejaarde produsent in die Zeerust-distrik vertel hoe hy gesien het dat talle produsente wat soetsorghum geplant het, sukkel met die voëls wat hulle gesaaides eet, en hoe hy net bittersorghum plant, want *"Die bitter is bitter, maar dit is glad nie so bitter soos honger wees nie!"*. Of wanneer jy die vonkel van genoegdoening sien in die oog van 'n produsent van die Senekal-distrik wat nou ten volle gekommersialiseer is, en wat beskryf hoe hy pas, as gevolg van sy goeie opbrengste, 'n nuwe plaas kon koop.

Of soos 'n vrou, 'n bestaansboer in 'n afgeleë vallei van die Oos-Kaap, wat jou vertel dat sy haar opbrengs van 0,5 t/ha tot 6 t/ha verbeter het deur beter saad te gebruik, reg te bemes en haar rugsakspuit te gebruik om beter chemiese onkruidbeheer toe te pas – en nou hoef sy haar nie meer te bekommer oor wat sy haar kinders elke dag gaan gee om te eet nie.




**Mashoof van die eerste NOPO/Pula-nuusbrief.**



**Me Jane McPherson**



**Mnr Basie Ntsimane**

Aangesien radio altyd 'n gewilde kommunikasiemedium is en vir talle boere maklik toeganklik is, is die besluit geneem om in 'n gereelde tydgleuf genaamd "Letsema" op die streeksgebaseerde Radio Motsweding te belê.

Die ontwikkelende boere het die formele kommunikasienetwerk gebruik om hulle probleme met marktoegang tot kommersiële markte te bespreek. Onmiddellike steun is gegee en pogings is aangewend om die ontwikkelende boere aan kopers bekend te stel en te verseker dat hulle billike, markverwante pryse vir hulle produkte kon onderhandel. NOPO het nie enige ooreenkomste onderhandel nie, maar eerder in 'n raadgewende hoedanigheid opgetree. Ander netwerk- en kommunikasiegeleenthede vir ontwikkelende boere het mettertyd na vore gekom. NOPO het met die Departement Landbou in Noordwes, Mpumalanga, Vrystaat en die destydse Noordelike Provinsie (nou Limpopo) vergader. Hulle het ook die boere se behoeftes aan insetverskaffers oorgedra om hulle oor die boere se unieke omstandighede en vereistes in te lig. Sommige saadmaatskappye het byvoorbeeld saad in kleiner verpakkings begin bemark, aangesien die standaardgrootte sakke vir die kleiner boere te groot en te duur was.

NOPO het ook toekennings vir 'n ontwikkelende sonneblom- en grondboontjieprodusent van die jaar bekend gestel. Die doel hiervan was om aan ontwikkelende boere erkenning te gee vir uitnemendheid. Kriteria wat in ag geneem is vir die toekenning was produksiepraktyke, betrokkenheid van die boer by studiegroepe en ondersteuning deur die boer van medeboere in die streek (sien Tabel 3: Toekennings wat in 1999 deur NOPO gemaak is, in Hoofstuk 9). In Mei 1999 is die toekenning vir Ontwikkelende Grondboontjieprodusent van die Jaar tydens die toekenningsfunksie aan mnr Edmund Tsogang van die Genesa-studiegroep toegeken. Die toekenning vir die Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar is aan mnr Basie Ntsimane, lid van die Bafokeng Noord-studiegroep, gemaak.

NOPO het 'n opregte hand van vriendskap aan die nuwe oliesaadprodusente gereik. Die reaksie op hierdie projek was groot, en dit het gou duidelik geword dat die behoeftes van ontwikkelende boere die beskikbare kapasiteit ver oorskry het.

Toe die onderskeie graanprodusente-organisasies saamgesmelt het om die nuwe Graanprodusente-organisasie te vorm, is die momentum met ontwikkeling behou en die NOPO-ontwikkelingsmodel is voortgesit. Mnr Basie Ntsimane het van NOPO na Graan SA verskuif, en 'n lid van Graan SA se Hoofbestuur geword.

## BEMAGTIGING VAN OPKOMENDE ONTWIKKELENDE MIELIEBOERE: NAMPO

In 1994 het NAMPO in vennootskap met die LNR-IGG en Omnia 'n program geïnisieer om swart boere te bemagtig en hulle met kommersialisering by te staan. 'n Boekie, "A Key to Successful Farming", wat fundamentele aspekte van mielieproduksie soos grond as 'n hulpbron, klimaat, gewasproduksie en bemarking bespreek, is in 1996

gepubliseer. Die reaksie was entoesiasties en het die gretigheid van ontwikkelende boere getoon om meer te leer en hulle vaardighede te verbeter.

Dit was duidelik dat verdere ondersteuningstrukture by studiegroepe gevestig moes word sodat die boere se probleme hanteer kon word. Die visie vir die program het 1) die ontwikkeling van 'n stel bestuursriglyne oor die verskillende gewasse, en 2) die aanbied van kursusse oor plaasbestuur ingesluit, maar die NAMPO-personeel was onder druk om op die behoefte te reageer. Die begeerte was daar om ontwikkelende mielieboere te help, maar die uitdaging was om voldoende kapasiteit te kry om hierdie ontwikkelingsprojek te bestuur.

## AMALGAMASIE: DIE ONTSTAAN VAN GRAAN SA SE ONTWIKKELENDE LANDBOUPROGRAM



Transformasie was besig om in die wêreld van georganiseerde landbou plaas te vind. Die verskillende produsente-organisasies, NAMPO, NOPO, SPO en WPO, het in 1999 saamgesmelt om 'n enkele graanprodusente-organisasie te vorm, wat ons as Graan SA ken. Sover dit die ontwikkelende landbou-inisiatiewe betref wat reeds in die ou strukture geïmplementeer is, het die benadering in die nuwe organisasie positief gebly. Boere was entoesiasties oor groter betrokkenheid by ontwikkelende landbou-aktiwiteite, en die gekombineerde kragte van die onderskeie kommoditeitsgroepe het reeds aansienlike insig en kundigheid beskikbaar gehad.

Na voorleggings oor die potensiaal van 'n ontwikkelende landbouprogram in Graan SA was ondersteuning van die onderskeie trusts – wat na die land se deregulering van landboubemarking gevorm is – bemoedigend, en van die begin van Graan SA se OLP af was hierdie steun 'n noodsaaklike komponent van die voortsetting en dinamiese uitbreiding van die program. Graan SA het steeds die steun van die LNR-Instituut vir Graangewasse geniet en het nou ook waardevolle vennote in die trusts gekry.

## STEUN VAN DIE TRUSTS: TOE EN NOU

Die verskillende trustfondse – die Mielietrust, Wintergraantrust, die OPOT en Sorghumtrust – het almal 'n kritieke rol in die groei van Graan SA se ontwikkelende landbouprogram gespeel en die basis verskaf vir sy sukses deur 'n stewige fondasie te vorm waarop dit gebou kan word. Hulle was van die begin af betrokke, en is vandag steeds in 'n groter of kleiner mate betrokke.

Die Mielietrust was verreweg die grootste bydraer en het 'n rol gespeel in die uitbreiding van die program sodat dit in 'n posisie is om boere in die meeste van die primêre graanverbouende streke van die land te ondersteun. "Alleen kan ons so min doen; saam kan ons so baie doen." Mnr Leon du Plessis, administrateur van die Mielietrust, verduidelik dat die trust vennote soek wat hulle sal help om die mieliebedryf te dien en hulle missie te vervul om die deurlopende verbetering van die hele mieliebedryf in Suid-Afrika te fasiliteer. As gevolg hiervan, het die Mielietrust sedert die instelling van Graan SA se program met hulle daarop saamgewerk. Hierdie belegging het vrugte afgewerp, aangesien die getal suksesvolle kommersiële boere jaarliks toeneem.

Die hoofdoelstelling van die OPOT is die bevordering en ontwikkeling van die oliesadebedryf in Suid-Afrika. Die doelwitte was om huishoudelike en nasionale voedselsekerheid te hanteer, landelike welvaart te verbeter en daarop te fokus om die individuele boer te bemagtig om onafhanklik te word. Kursusmateriaal soos 'n inleiding tot sonneblomproduksie, gevorderde sonneblomproduksie en bemarking, vaardigheidsontwikkelingsaspekte soos stellings en kalibrering en 'n inleiding tot sojaproduksie is ontwikkel, terwyl demonstrasieproefnemings beste praktyk getoon het. Die OPOT het ook bygedra tot boeredae, asook vier bladsye in die *Pula Imvula*-tydskrif elke kwartaal.

Die Sorghumtrust se bydrae het vir die befondsing van demonstrasieproefneminglanderye, boeredae, die ontwikkeling van handleidings en 'n opleidingskursus gesorg.

Teen 2008 het die Wintergraantrust ontwikkelende boere deur middel van die werk van Graan SA aktief ondersteun. Hulle het gerapporteer dat vordering gesien kon

PERSOONLIKE MEDEDELING



## MNR COIS HARMAN

Dit was 'n avontuur om studiegroepe regoor die graanproduserende gebiede van die land te vestig, aangesien die behoefte aan opleiding onbeskryflik groot was. Kursusse in meganika is in samewerking met New Holland aangebied, terwyl graankursusse in samewerking met LNR-IGG ontwerp en aangebied is. Die graankursusse het die vernaamste aspekte van boerdery ingesluit, byvoorbeeld grondmonsterneming, grondvoorbereiding, bekalking, gewas- en kultivarkeuse, produksiepraktyke, plaag- en onkruidbeheer, oes en graanbemarking.

Ons het opleiding op 'n streeksgrondslag benader en dit ondersteun met gewasproefnemings wat per streek geplant is, aangesien die toestande, grond en klimaat in die streke verskil. Studiegroepe was 'n baie doeltreffende metode om opleiding te verskaf, maar het ook as platform gedien om ons lede met kundigheid in aanraking te bring. Dit het hulle in staat gestel om onafhanklik te ontwikkel en te groei. Vanaf 2002 is provinsiale bestuurders aangestel om ontwikkeling te koördineer, boeredae te organiseer, opleiding te fasiliteer en een-tot-een-mentorskap te verskaf.

Vir my was die vervullendste ervaring om te sien hoe boere vorder terwyl hulle leer.



**Mnre Cois Harman (Ontwikkelingsbeampte van Graan SA) en Jub Jubelius (Hoofbestuurslid van Graan SA), voor, verduidelik die voordele van die korrekte gebruik van kunsmis aan mnr Paul Kgori Mutloane, sy neef, Solomon Manoto en Peterson Solane.**

word, en 22 boere is deur die Wintergraantrust en die Vrystaatse Departement van Landbou bygestaan. Die sleuteluitdaging was steeds die winsgewendheid van koringproduksie in die Vrystaat. Hulle ondersteuning het ook gelei tot die daarstelling van 'n provinsiale kantoor in die Paarl om ontwikkelende boere in die Wes-Kaap te diens.

## VROEË LANDBOU-ONTWIKKELING DEUR GRAAN SA

Cois Harman is in 1999 deur Graan SA aangestel om die program te bestuur en toepaslike vaardigheidsopleiding vir die ontwikkelende boere te organiseer. Die eerste stap was die voortsetting van dienste aan gevestigde studiegroepe uit die NOPO-era, en om voort te gaan om nuwe studiegroepe te stig. Demonstrasielanderye is gevestig sodat boere self kon sien wat die voordele van bestepraktykproduksie, nuwe kultivars, grondmonsterneming en bemesting asook behoorlike onkruidbeheer is. Spesiale boeredae is vir groter groepe boere gehou sodat hulle oor die jongste tegnieke kon leer. Studiegroepe het die grondslag gevorm vir kommunikasie tussen die boere en die organisasie, saam met die radio-uitsending, wat voortgegaan het, en 'n maandelikse nuusbrief, *Pula Imvula*, wat in Tswana, Noord-Sotho en Zulu gepubliseer is.

Die organisasie is aangespoor deur die sukses van die projekte wat bedryf is, en die terugvoer van die boere was entoesiasties. Bewyse van projeksukses kon reeds in beter opbrengste gemeet word, byvoorbeeld waar die gemiddelde sonneblomopbrengs 300 kg/ha - 500 kg/ha was, het boere reeds meer as 1 t/ha geoes, met sommige wat selfs meer as 2 t/ha gekry het. Mielie-oeste het verbeter, met verstommende opbrengste wat behaal is as gevolg van die boere se toepassing van hulle nuwe kennis en die gebruik van beter saadkultivars, tesame met meer doeltreffende bemestings- en spuitprogramme.

Een so 'n boer is mnr Lazarus Mothusi van Weltevrede in Noordwes. Vandag is hy 'n suksesvolle boer en rolmodel vir ander. Hy vertel hoe hy as 'n beginnerboer sowat 4 ton sonneblom op 15 ha geoes het en gedink het hy vaar goed. Hy beskou die dag toe hy in 1996 met Harman kontak gemaak het as sy gelukkige dag. Harman het as mentor opgetree en hom uitgenooi om Graan SA se opleidingsessies by te woon. Hy gee Graan SA se ontwikkelende landbou-inisiatief al die eer vir sy groei en sukses.

Teen 2002 was die Graan SA-program by 436 studiegroepe, met 'n totaal van 9 680 boere betrokke. Harman het in 2005 bedank en is in September daardie jaar deur me Jane McPherson opgevolg.

## Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram-werkgroep

Die struktuur van Graan SA is van so 'n aard dat elke fokusarea ondersteun word deur 'n werkgroep wat uit lede van die Hoofbestuur en bestuur bestaan. Op hierdie manier bly die Hoofbestuur ingelig oor ontwikkeling op grondvlak. Die Voorsitter van hierdie werkgroep is die vernaamste kommunikasiekanaal van die bedryfsafdeling na die besluitnemingsgesag, wat die Hoofbestuur is, en omgekeerd. Toe Graan SA in Junie 1999 gestig is, het mnr Gert Pretorius deel geword van die organisasie met die ervaring wat hy uit NOPO se ontwikkelingsaktiwiteite opgedoen het, en met dieselfde passie vir die werk wat gedoen moes word. Hy het hierdie posisie tot in April 2006 beklee, toe hy afgetree het en me Jenny Mathews in sy plek verkies is – 'n pos wat sy tot met haar uittrede uit Graan SA se Hoofbestuur in Maart 2012 beklee het.



**Me Jenny Mathews**

### ONDERHOUD MET JENNY MATHEWS

**Deur Estie de Villiers, *SA Graan/Grain*-tydskrif, Augustus 2015**

"Die opvoeder in my was baie opgewonde om van Graan SA se toegewyde Ontwikkelende Landbouprogram met me Jane McPherson aan die hoof uit te vind. Ek het onmiddellik aangesluit as lid van daardie werkgroep. Ek was op soek na 'n manier om 'n klein bydrae tot die genesing van hierdie land te lewer, en ek het dit as 'n geleentheid gesien.

Hierdie ontmoeting het my lewe verander. **Ek het onlangs vir Jane vertel dat sy en haar ongelooflike span mense my oë oopgemaak het vir iets werklik wonderliks wat in grondvlaklandbou gebeur; en die boere wat ek langs die pad ontmoet het, het my hart verander**. "Ek het soveel pragtige mense ontmoet wat met 'n glimlag op hulle gesig lang, moeilike ure werk. Hulle sien my hart en nie die kleur van my vel nie. My leuse is nou: 'Dis nie die kleur van ons vel nie, maar die kleur van ons hart wat saak maak.'"

Volgens Jenny is talle van die opkomende boere se uitdagings presies dieselfde as vir kommersiële boere, aangesien landbou oor die algemeen uiters stresvol is en winsgewendheid onder geweldige druk verkeer. "Boere sukkel net om te oorleef, veral na die verskriklike 2014/2015-seisoen met sy talle misoeste. Dit word vir talle opkomende boere vererger omdat hulle sukkel om toegang tot finansiering te kry en dikwels nie besitreg van hulle grond het nie en dus nie die grond as sekuriteit kan gebruik nie.

"Die mees toegewyde boere wat ek ontmoet het, is harde werkers wat nie net mentorskap en opleiding nodig het nie, maar ook herkapitaliseringsbefondsing om te verseker dat hulle besigheid 'n billike kans op oorlewing het. Om bloot vir 'n man of vrou 'n stuk grond te gee, is nie 'n resep vir geslaagde grondhervorming nie," het sy gesê.

Daar is vir alles onder die son 'n seisoen, en dit was tyd om die leierskapsvaandel oor te dra. Die komitee het mnr Victor Mongoato as die nuwe Voorsitter gekies, en hy is steeds die Voorsitter van die werkgroep. Ter ondersteuning van transformasie in die organisasie het die Hoofbestuur hom in hierdie hoedanigheid op die organisasie se Dagbestuur gekoöpteer.

### *Stigting van 'n "Stem van die Boer"-subkomitee*

Die werkgroep was van mening dat daar nie genoeg verteenwoordiging van die ontwikkelende boere was om te verseker dat genoeg insig oor die omstandighede in die verskillende streke beskikbaar was nie. Die Hoofbestuur het reeds sy goedkeuring gegee dat die werkgroep nog boere kan koöpteer, en 'n spesiale vergadering met die gevorderde boere is tydens Graan SA se NAMPO Oesdag in 2009 belê. Hulle het 'n subkomitee gevorm, bestaande uit nege boere wat 'n mandaat gegee is om namens hulle as die "stem van die boer" te praat. Die eerste vergadering met die verkose lede is op 8 September 2009 gehou.

## FOKUS OP VICTOR MONGOATO

**Ontwikkelende Landbouprogram-werkgroep se Voorsitter sedert 2012**

*"Grond het slegs waarde as dit gebruik word. Ons moet seker maak dat mense wat grond ontvang, in 'n posisie is om voedsel en vesel vir ons land te produseer."* – Victor Mongoato

Victor het interessante insig in die terme wat gebruik word om swart boere te beskryf: "Ons gebruik die term 'ontwikkelende' boer aangesien ons voel dat dit van toepassing kan wees op enige boer wat wil ontwikkel. Ons gebruik nie die term 'opkomende' boer nie. Dit klink asof ons onder iets is en daar onder moet uitkom." En in die geval van boere wat by die 250 Ton Klub ingesluit is, geld die term "Nuwe Era Kommersiële boere".

Hy het bygevoeg dat Graan SA deur die OLP daarna streef om landbou te verenig en weg te beweeg van die verdeling van die bedryf langs rasselyne, en gesê dat alle boere saamwerk om voedselsekerheid vir Suid-Afrika te verseker.

Victor het verder uitgebrei op die vernaamste uitdagings wat ontwikkelende boere in die gesig staar: "Opleiding en vaardigheidsontwikkeling is noodsaaklik vir ontwikkelende landbou, maar opleiding alleen is nie genoeg nie. Baie van ons boere het nie trekkers en ander nodige implemente nie, of hulle het 'n gebrek aan produksiefinansiering. Verskillende gebiede het verskillende uitdagings. In die oostelike dele van die land (Mpumalanga, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap) waar die reënval hoër is, is die pH van die grond byvoorbeeld laag, en meer kalkaanvulling is nodig. In talle van die gemeenskaplike gebiede is die landerye nie omhein nie en die gesaaides word dikwels deur vee beskadig. Daar is ook 'n tekort aan stropers en opbergers. Ons het groot gedeeltes grond wat nog nie optimaal benut word nie. Dit laat ruimte vir ons boere om uit te brei en voedsel vir die land en vir die SAOG-streek te produseer."

Sover dit uitdagings vir ontwikkelende landbou betref, het hy twee hoofkwessies beklemtoon:

- Talle instellings "boer namens" ontwikkelende boere en noem dit "ontwikkelende landbou". Ons boere wil nie hê ander moet namens hulle boer nie; hulle wil bemagtig word om dit self te doen. Waar die regering ook al probeer het om kontrakteurs te kry om namens mense te boer, het dit misluk. Ons moet in individuele boere belê en hulle help om suksesvolle boere in eie reg te word.
- Die sogenaamde "groepboerderyprojekte" is 'n fout. Ervaring het geleer dat dit feitlik onmoontlik is om as deel van 'n groep te boer.



**Mnr Victor Mongoato**



"DIS DIE AKSIE, NIE DIE VRUG VAN DIE AKSIE NIE, WAT BELANGRIK IS. JY MOET DIE REGTE DING DOEN. DIT IS DALK NIE BINNE JOU VERMOË NIE, DIT IS DALK NIE IN JOU TYD DAT DAAR ENIGE VRUGTE SAL WEES NIE. MAAR DIT BETEKEN NIE DAT JY OPHOU OM DIE REGTE DING TE DOEN NIE. JY WEET DALK NOOIT WAT UIT JOU AKSIE VOORTSPRUIT NIE. MAAR AS JY NIKS DOEN NIE, SAL DAAR GEEN RESULTAAT WEES NIE."

*Mahatma Gandhi*

## VIR WIE HELP GRAAN SA SE PROGRAM?

Die OLP se bestuur het vroeg besef dat daar in Afrika talle vorms van grondbesitstelsels is. Daar is besluit dat die boer se verwantskap met die grond waartoe hy of sy toegang het, nie belangrik is nie. Dit was steeds toepaslik om daarna te streef om hulle te bemagtig om die meeste te kry uit die grond waartoe hulle toegang gehad het. Met die span wat oor 'n wye gebied op grondvlak werk, kon hulle kritieke inligting oor ontwikkelende boere en hulle bedrywighede insamel en hulle het interessante data verkry oor die programlede en hoe hulle toegang tot hulle grond kry. (Dit is interessant om daarop te let dat die vlak van kundigheid van die span van so 'n aard is dat belanghebbers van buite – insluitende regeringsdepartemente – begin het om advies of inligting/data van die Graan SA-span te vra.) Die 2011-studiegroep se statistiek toon byvoorbeeld heelwat oor die aard van die boerderybedrywighede en die diversiteit van toegang tot grond:





| **Studiegroeplede** | **Totaal: 3 558** |
|---|---|

| **Grondbesit** | | **Hektaar** |
|---|---|---|
| **Bewerkbare grond** | **Totale bewerkbare grond** | **46 954** |
| Besit | Deur boer gebruik | **17 456** |
| Kommunale grond (PTO) | Deur boer gebruik | **12 831** |
| Dorpsgrond (munisipaal) | Deur boer gehuur | **1 890** |
| Gehuurde privaat grond | | **4 451** |
| PLAS (Grondsake) | Deur boer gebruik | **10 030** |
| **Weiding** | **Totale weiding** | **119 829** |
| Besit | Deur boer gebruik | **19 566** |
| Kommunale grond (PTO) | Deur boer gebruik | **85 898** |
| Dorpsgrond (munisipaal) | Deur boer gehuur | **400** |
| Gehuurde privaat grond | | **1 828** |
| PLAS (Grondsake) | Deur boer gebruik | **12 138** |





Graan SA gee nie om hoe 'n boer toegang tot grond kry, en of 'n boer vanaf 1 ha of 1 000 ha grond produseer nie. Die bedoeling is om te verseker dat optimale produksie verkry word deur moderne, ekonomiese en doeltreffende boerderymetodes te gebruik. Ongeag die grootte van die plaas bly die basiese beginsels dieselfde. Gehaltesaad, grondmonsterneming en akkurate bemesting en behoorlike onkruidbeheer. Indien 'n persoon 1 ha het en 6 t/ha kan verkry deur te leer hoe om 'n handplanter te gebruik, met 'n stukkie geknoopte tou om die saad te spasieer en 'n rugsaksproeier vir onkruidbeheer, kan dit 'n groot impak maak – dit kan boere se lewens verander. Nie almal kan toegang kry tot 'n groot hoeveelheid hektaar nie, maar hulle kan die beste praktyke geleer word. Dit is ook die motivering agter die proefnemings. Hulle word geplant op presies dieselfde manier as wat die plaaslike boere plant. As hulle met die hand plant, word die proefnemings met die

### GRAAN SA-PROGRAM

'n Basiese vertrekpunt vir die funksionering
van die Graan SA-program is:
ONTWIKKELING GAAN OOR DIE INDIVIDU
Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor grond nie
Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor masjiene nie
Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor markte nie
Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor geld nie
Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor vaardigheidsontwikkeling
en opleiding nie
Dit gaan oor al die bogenoemde
Ontwikkeling is 'n proses en nie 'n SPRONG nie

*(Programbestuurder me Jane McPherson)*





**Mnre William Matasane, kommersiële boer van Senekal (links) en Koos Mthimkulu, Ontwikkelende Boer van die Jaar vir 2011, bespreek koringsake met mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA.**

hand geplant om te demonstreer dat beste praktyke en beter opbrengste haalbaar is. Daar lê geweldige waarde daarin om te sien en te glo, en op sommige plekke het 'n verandering in boerderymetodes soos 'n veldbrand deur 'n streek getrek namate een boer die boodskap aan sy bure oordra.

Die etos agter Graan SA se program lui:

- Boere moet bemagtig word om self te boer (kontrakteurs moenie namens hulle boer nie).
- Waar hoegenaamd moontlik moet boere hulle eie toerusting besit en nie op die aktiwiteite van ander diensverskaffers staatmaak nie.
- Boere met plase van alle groottes kan bygestaan word om die grond te gebruik wat tot hulle beskikking is deur die mees moderne metodes van gewasproduksie te gebruik.
- Die maatstaf van sukses is die volhoubare produksie van winsgewende gewasse op elke hektaar (en nie die totale getal hektaar aangeplant, of die totale getal ton geoes nie).

Om hierdie doelwitte te bereik, is befondsing verkry om die program se voetspoor mettertyd te vergroot deur 'n streeksteenwoordigheid daar te stel.

## DIE VOETSPOOR VAN GRAAN SA IN DIE LAND: STREEKSKANTORE

Vanaf die nederige begin op Zeerust het die program sy voetspoor stelselmatig na meer van die belangrike graanproduserende streke uitgebrei. Streekskantore wat beman word deur 'n ontwikkelingskoördineer wat met die inheemse taal van daardie streek vertroud is, asook 'n administratiewe assistent, is geopen. Tans is daar kantore op Lichtenburg en Taung in Noordwes, Ladybrand in die Vrystaat, Nelspruit (Mbombela) in Mpumalanga, Louwsburg en Dundee in KwaZulu-Natal (wat ook dele van Mpumalanga, Kokstad en Mthatha in die Oos-Kaap bedien), en Paarl in die Wes-Kaap.

### GRONDBESITREG, GEWASSE AANGEPLANT EN GRAAN SA-KANTORE PER PROVINSIE

| Provinsie | Kantoor | Gewasse aangeplant | Grondbesitreg |
|---|---|---|---|
| Noordwes | Lichtenburg | Mielies, sojabone, sonneblom | Alle tipes |
| | Taung | Besproeiingsmielies, koring, gars, katoen, grondbone, lusern, aartappels | Meestal staatsgrond in die Taung-besproeiingskema |
| Vrystaat | Ladybrand | Mielies, sojabone, sonneblom, grondbone, droëbone | Alle tipes (baie min gemeenskaplike grond) |
| Oos-Kaap | Mthatha | Mielies, droëbone | Meestal gemeenskaplike grond |
| | Maclear | Mielies, droëbone | Meestal gemeenskaplike grond – mate van PLAS |
| | Kokstad | Mielies, droëbone | Meestal gemeenskaplike grond – mate van PLAS |
| KwaZulu-Natal | Dundee | Mielies, droëbone | Meestal gemeenskaplike grond – mate van PLAS |
| Mpumalanga | Louwsburg | Mielies, droëbone | Meestal gemeenskaplike grond |
| | Nelspruit | Mielies, droëbone, grondbone | Meestal gemeenskaplike grond |
| Wes-Kaap | Paarl | Koring, gars, hawer, kanola | Meestal kerkgrond en PLAS |

Daar is 'n totaal van nege kantore, insluitende die koördinerende kantoor in Bloemfontein. Hierdie kantore is almal strategies geplaas om 'n wye gebied te diens waar graan winsgewend geproduseer kan word, en waar ontwikkelende boere toegang tot grond het. Hierdie kantore verskil effens ten opsigte van die werk wat hulle doen, aangesien dit van die gebied, klimaatstoestande, vlak van boerdery, grondbesitregreëlings en aangeplante gewasse afhang, maar almal het 'n spesifieke kwota werk elke jaar. Die projekte wat deur die kantore hanteer word, sluit in die studiegroepdiens, aanplanting van demonstrasieproefnemings, boeredae, ontwikkeling van vennootskappe, die Boer van die Jaar-kompetisie, die ondersteuning van die gevorderde boere, asook die tref van reëlings vir die opleidingskursusse.



Die koste van die kantore word tans (2015/2016) deur die Mielietrust en die Wintergraantrust gedra. Die koste van 'n kantoor is in die omgewing van R1 525 000/jaar, wat die personeelkoste vir die ontwikkelingskoördineerder asook die kantooradministrateur, reiskoste (gewoonlik word daar sowat 4 000 km/maand afgelê), kantoorhuur, telefoon, selfoon en faks, huur van kantoortoerusting en die koste van die koördineerder se oornagverblyf insluit.

**DIE GRAAN SA ONTWIKKELENDE LANDBOUPROGRAM IN SYFERS (2015)**

| | |
|---|---|
| Getal kantore<br>*Lichtenburg, Taung, Ladybrand, Nelspruit, Louwsburg, Dundee, Kokstad, Mthatha, Paarl* | 9 |
| Studiegroepe | 123 |
| Huidige getal studiegroeplede | 5 801 |
| Demonstrasieproefnemings | 53 |
| Boeredae gehou | 76 |
| Gevorderde boere | 141 |
| Gemiddelde bewerkbare grond per studiegroeplid | 198 |

Die onderskeie kantore diens elkeen effens verskillende boerekliëntebasisse, en daarom verskil die gedetailleerde werkslading van elke kantoor van die ander s'n.

## MENSE WAT MENSE OP GRONDVLAK HELP

Die ontwikkelingskoördineerders rapporteer deurlopend oor goeie vordering met demonstrasieproefnemings wat aangeplant is, boeredae wat gehou word en die "gevorderde boer"-program wat die pad op 'n een-tot-een-grondslag saam met die groterskaal, meer gekommersialiseerde boere gestap het. Die benoemings vir die Boer van die Jaar-kompetisie was almal uitstekende kandidate wat aansienlik gegroei het. Trouens, volgens mnr Danie van den Berg, ontwikkelingskoördineerder, is hulle nie werklik meer "ontwikkelende" boere nie, maar goeie boere met goeie gewasse.

Die studiegroepe was van groot hulp, en so ook die boeredae. "Hulle maak 'n goeie bydrae tot voedselsekerheid in hulle gebied," het hy gesê. Mnr Tonie Loots, destyds die ontwikkelingskoördineerder op Zeerust, het gesê dat boere begin het om chemiese onkruidbeheer te gebruik en beter pryse vir hulle mielies kon kry. "Dis 'n totaal ander manier van boer!" Mnr Papi Nkosi, voormalige Graan SA-hoofbestuurslid van Bosbokrand in Mpumalanga, het die boere se waardering uitgespreek: "Graan SA doen wonderlike werk vir die ontwikkelende boere. Al die boere wat deel is van die program pas hulle produksiepraktyke aan. Dit is 'n baie verdienstelike program en dit het 'n impak op die lewens van mense."

Ontwikkelingskoördineerder mnr Johan Kriel, wat op Ladybrand in die Vrystaat gebaseer is, het opgemerk dat Graan SA met 'n sneeubaleffek te make het. Die vraag na bystand en mentorskap was groot: "As jy 'n boer kry wat 1 tot 2 ton kry en jy kan dit tot 10 ton verhoog – dit maak 'n verskil in mense se lewens. Ons besef nie altyd die impak wat ons maak nie – die lojaliteit en die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan, is enorm – mense kom saam met baie probleme. Ons is toegewyd."



**Klankgreep: Die beloning daarvan om 'n ontwikkelingskoördineerder te wees – mnr Jerry Mthombothe.**



# WAT 'N BOER VIR 'N MENTOR BETEKEN



## PHILIP DU PREEZ, 'N MENTOR VAN DIE VRYSTAAT

Om as 'n mentor aanvaar te word, moet hierdie beginsels daar wees: Inligting oor mentee, eerlikheid, betroubaarheid, voldoende kennis, praktiese ondervinding en kommunikasievermoë.

Mentee-inligting ten opsigte van sy familie, gade, kinders, opvolgers, boerdery agtergrond, toekomsplanne, probleme en moontlike oplossings is uiters noodsaaklik om verhoudings te verbeter.

Om die wel en wee van die familie te ken en gereelde terugvoering te kry met opregte belangstelling wedersyds maak jou 'n lid van die familie.

Eerlikheid moet ten alle tye gehandhaaf word. Waar voldoende kennis ontbreek moet dit opgevolg word om betroubaarheid te bevorder.

Kennis en praktiese ondervinding moet met die mentee uitgeruil word in 'n verstaanbare taal. 'n Mens is nooit te oud om te leer nie en ek moet erkenning gee daarvoor.

Beginselvastheid wat betref die boerderypraktyke wat gevolg moet word naamlik: "Die plaas bepaal waarmee geboer kan word."

Kontantgewasse moet onttrek word van lae potensiaal lande en permanente weidings moet gevestig word. Hierdie beginsel word nog nie na wense toegepas nie maar resultate is besig om te verbeter.

Gemengde boerdery met kwaliteit beeste wat weidings, oesreste en aangeplante weidings kan benut is meer volhoubaar. Seleksie en bemarking word saam met mentee gedoen en resultate word met dank gekommunikeer.

Waar kontantgewasse verbou word op hoër potensiaal lande is beter opbrengste meer volhoubaar en word erkenning daarvoor baie waardeer.

Grondbewaring is hoog op die agenda en die hulp met die uitlê van waterbane en kontoerwalle is baie suksesvol. Praktiese ondervinding het hier 'n groot rol gespeel.

William Matasane, Koos Mthimkulu, John Depali, Sameul/Simon en Jafta Thaso genereer goeie oeste en terugvoering is baie positief, want hulle suksesse is ook my sukses.

Al die positiewe kommentaar wat oor 'n lang tydperk kom, is 'n riem onder die hart. Die groot bydrae van eerlikheid en betroubaarheid onder mekaar en met my, want ek is 'n lid van die familie, het sukses moontlik gemaak.

Daar kan nie 'n beter erkenning wees vir wat bereik is saam met boere wat wil en kan boer nie. Alle eer aan die Hemelse Vader wat dit moontlik gemaak het.



Studiegroepe vorm die basis van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram.







Bewys van hierdie "sneeubaleffek" word gesien in die program se 2010/2011-statistiek, wat 'n vinnige momentum in die voortgesette uitbreiding toon:

- 'n Totaal van 655 studiegroepvergaderings is deur 10 033 boere bygewoon.
- 61 boeredae is deur 3 741 boere bygewoon.
- Gevorderde boere is 849 keer vir een-tot-een-mentorskap besoek.
- 131 radio-uitsendings is deur personeellede gedoen.
- 264 000 kopieë van die *Pula Imvula*-tydskrif is oor twaalf maande gesirkuleer.
- 108 opleidingskursusse is deur 2 170 boere en plaaswerkers bygewoon.
- Die Skoleprogram, wat ook deur die Ontwikkelende Landbou-afdeling aangebied word, het 363 skole besoek en 53 870 leerders bereik. (Meer gedetailleerde inligting oor die Skoleprogram is by Hoofstuk 7 ingesluit.)

## DIE OES IS GROOT MAAR DIE WERKERS MIN: ALGEMENE AKTIWITEITE

Met verloop van tyd is 'n aantal kernbesigheidsaktiwiteite by die program geïntegreer ten einde die doelwitte van ontwikkelende landbou te bereik.

### Studiegroepe

Dit is meer kostedoeltreffend om boere in 'n groep te diens as om dit op 'n individuele grondslag te doen, en hulle leer ook meer uit die vrae van die ander boere. Die studiegroepstelsel wat met die begin van georganiseerde landbou se ontwikkelende landbou-pogings ingestel is, is steeds die kern van hierdie program. Dit is die eerste kontak wat met die boere gemaak word wanneer die span in 'n streek begin werk. Studiegroepvergaderings word gekenmerk deur die bou van verhoudings, die insameling van inligting en die deel van kennis.

Die maandelikse *Pula Imvula*-nuusbrief word by studiegroep-byeenkomste versprei en die streekbestuurders bespreek die kwessies van belang in die nuusbrief. Tydens vergaderings word inligting oor seisoenale kwessies en bestepraktyk-kennis oorgedra. Dit was moontlik om die doeltreffende gebruik van gereedskap te demonstreer, en veilige hantering van chemikalieë en bemestingstowwe te leer. Die span het sowat 4 000 rugsaksproeiers versprei aan boere in die mees afgeleë landelike gebiede wat nie maklik andersins daartoe toegang sou kry nie.

Namate die boere oor die jare heen meer gevorderd geraak het, het hulle die behoefte uitgespreek aan meer gevorderde inligting, terwyl die progressiewe boere die minder gevorderde boere terselfdertyd help om te vorder.

## Gevorderde boere

Daar is steeds 'n gaping tussen die meer gevorderde ontwikkelende boere en die kommersiële boere. Al die ontwikkelende boere kan nie op dieselfde basiese vlak ondersteun word nie. In die studiegroepe word boere ondersteun met inligting en opleiding om hulle by bestepraktyk-produksie betrokke te kry. Talle boere het ontwikkel en is nou klaar met hierdie soort ondersteuning, aangesien hulle reeds op 'n semi-kommersiële grondslag boer. Hulle is egter nog nie só geposisioneer dat hulle in die mededingende kommersiële wêreld heeltemal aan hulle eie genade oorgelaat kan word nie. Dit is hoofsaaklik die kleinboere (10 ha tot 250 ton). Ons probeer ook om die boere bewus te maak op die belangrikheid van bemarking en ons bring hulle in kontak met agente wat bereid is om daardie pad saam met hulle te stap. Die vrye mark is vir talle mense, en veral vir ontwikkelende boere, baie uitdagend.

Die doel van hierdie program is om die uitstaande kandidate te ondersteun wat uit die studiegroepstelsel te voorskyn gekom het. Hierdie boere het een-tot-een-ondersteuning nodig ten opsigte van produksiebeplanning, bestuur, ondersteu-ning ten opsigte van finansiële aansoeke en verslagdoening, ensovoorts. Die Graan SA-span stel ook gedetailleerde sakeplanne vir hierdie boere op wanneer nodig. Wanneer die boer meer as 250 ton/jaar produseer en aan die "kommersiële" produksiestandaarde voldoen, word hulle aan die kommersiële boere in daardie streek oorhandig om die integrasie van die swart boere by die kommersiële sektor te versnel. In 2015 het die onderskeie kantore 'n totaal van 154 gevorderde boere ondersteun.

Die vordering ten opsigte van die nuwe-era kommersiële status was stadiger as wat verwag is, aangesien hierdie boere talle uitdagings moet oorkom:

### *Produksielenings*

- Talle boere voldoen nie aan die sekuriteitsvereistes van die uitleeninstellings (insluitend die Land Bank) nie.
- Die boere kwalifiseer nie vir multirisikoversekering nie.
- Indien die boere gelukkig genoeg is om vir multirisikoversekering te kwalifiseer, is die waarborg nie genoeg om die lening te sekureer nie.
- Die klein marges in droëland-graanproduksie maak dit riskant vir iemand wat nog die "ambag" leer – daar is geen ruimte vir foute nie.

### *Trekkers en masjinerie*

- In talle gebiede is meganisering nie beskikbaar nie.
- In gevalle waar daar meganisering is, is die toestand daarvan dikwels baie swak.
- Die regering het in sommige gebiede gedeelde toerusting verskaf, en die bestuur daarvan skep swak produktiwiteit.
- Kontrakteurs word wyd gebruik en daar is geweldige uitdagings hieraan verbonde, insluitend die tydsberekening van bedrywighede, die gehalte van die werk wat gedoen word en die hoë koste daarvan (slegs die kontrakteur maak op die ou einde geld).

### *Kwessies ten opsigte van grondgebied en grond*

- In die gemeenskaplike gebiede is die besitreg dikwels onseker (boere "gebruik" die ongebruikte grond van afwesige boere asook hulle eie grond en die besitreg van die grond is nie verseker nie).
- Die pH van die grond is laag (veral in gebiede met 'n hoër reënval en groter potensiaal), en in talle gebiede is die fosfaatvlakke baie laag as gevolg van jare se bewerking sonder die aanwending van voldoende bemestingstowwe.
- Grond met lae potensiaal word beplant (onwinsgewend).
- In sommige gebiede, soos die besproeiingslanderye in Taung, deel vier boere een sentrale spilpunt, wat baie spanning veroorsaak.

## Demonstrasieproefnemings en boeredae

Die doel van die demonstrasieproefneminglanderye is om aan die ontwikkelende boere die resultate van goeie produksiepraktyke te WYS: Die regte









**Boere ontvang opleiding in verskeie fasette van boerdery en bestuur.**





Die regte toediening van kalk lewer altyd goeie resultate.



Dr Willie Kotzé

grondvoorbereiding, die regte toediening van kalk (indien van toepassing), die regte bemesting (op grond van grondmonsterneming), die regte plantpopulasie en kultivarkeuse, behoorlike onkruid- en plaagbeheer, ensovoorts. Die boere kan die praktyke ervaar en dan dieselfde op hulle eie grond doen.

*Die personeel in die program koördineer die daarstelling van hierdie proefnemings met ander betrokkenes in die bedryf – die kontrakteur, die saadmaatskappye, die misstofmaatskappye en die landbouchemikalieë-maatskappye sodat die produsente aan die beste moontlike produksie-inligting en -tegnieke blootgestel word*. Dit is 'n sleutelkomponent in die bemagtiging van boere om winsgewend en volhoubaar voort te gaan, aangesien die visie is dat hulle uiteindelik deur die kommersiëlesektor-verteenwoordigers van die insetverskaffingsmaatskappye ondersteun en gelei sal word. Die blootstelling van die boere aan die verteenwoordigers van die insetverskaffingsmaatskappye vir die ontwikkeling van verhoudings is een van die doelwitte van die boeredae. In 2015 is 87 produsentedae regoor die land aangebied en deur 5 656 boere bygewoon.

## Opleidingskursusse

Onder die leierskap van McPherson en dr Willie Kotzé het die opleidingsprogram aansienlik uitgebrei. Belangrike ontwikkeling van opleiding en opleidingshandleidings is met die fondse uit die verskillende trusts gedoen.

Boerdery is 'n besigheid, en dit verg grondige begrip van 'n groot getal uiteenlopende onderwerpe – van die grond tot inkomstebelasting. Kotzé het gerapporteer dat 189 kursusse in die 2009 finansiële jaar aangebied is: 159 vir die Mielietrust, elf vir die OPOT, tien vir SAB, vyf vir Sorghum en vier vir Wintergraan. Elke kursus is ontwikkel om 'n spesifieke behoefte te hanteer wat ons deur ons interaksies met die boere op verskillende vlakke geïdentifiseer het.

Hoewel nie al die kursusse in al die tale beskikbaar is nie, stuur ons 'n opleier wat vaardig is in die plaaslike taal na die streek sodat die kursus aan die boere verduidelik kan word.

Die kursusse het 'n teoretiese en 'n praktiese deel. Gewoonlik word die teorie in die oggend hanteer en die praktiese deel in die middag. Die toerusting wat tot die boere se beskikking is, word vir die praktiese opleidingsessies gebruik – dit bemagtig hulle nie indien hulle geleer word op toerusting waartoe hulle nie toegang het nie. Dit is ook goed om hulle te wys wat hulle kan doen met die toerusting wat hulle het. In 2015 is 123 kursusse vir 1 985 boere in die Oos-Kaap, Vrystaat, KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Noordwes aangebied.

## Die 250 Ton Klub en *Day of Celebration*

Hoewel enige ontwikkelingsproses 'n stadige en bestendige reis is, is dit nietemin duidelik dat daar reeds heelwat is om op die gebied van ontwikkelende landbou te vier. Daar is besluit om een dag af te vat van die hantering van ontwikkelingsuitdagings om die talle verskillende individue en instellings wat in hierdie area betrokke







Van die ontwikkelende boere wat in 2008 lede van die 250 Ton Klub geword het.





**Teen 2015 het die 250 Ton Klub-lede gegroei tot 119 lede.**

is, te vier en aan hulle erkenning te gee. Om al die boere te inspireer en aan te moedig, is die 250 Ton Klub met verskillende vlakke van lidmaatskap gestig:

- Brons – 250 Ton-lid
- Silwer – 500 Ton-lid
- Goud – 500 Ton-lid en
- Platinum – 1 500 Ton-lid.

Op 25 September 2008 het die OLP van Graan SA en Monsanto SA die eerste "Feesdag" gehou. Vorderings ten opsigte van ontwikkelende landbou is erken en 32 boere het lidmaatskap van die 250 Ton Klub ontvang.

"Ons het gedink dat dit gepas is om 'n 250 Ton Klub te stig om die prestasie te erken van diegene wat reeds meer as 250 ton graan/jaar produseer en wat baie na is daaraan om ware kommersiële boere te word. Talle van hulle sal net vir nog 'n jaar of twee deel van ons program wees, maar hulle vordering verdien erkenning," het McPherson na die seremonie in 'n mediaverklaring gesê.

Vroeg in 2009 het lede van die ANC Vroueliga en verteenwoordigers van Graan SA vergader om verskillende kwessies van gemeenskaplike belang met die 250 Ton Klub-lede te bespreek. Graan SA het ook aandag gevestig op die uitgebreide steun wat deur die ontwikkelende landbouprogram aan die ontwikkeling van volhoubare swart kommersiële boere met kapasiteit gegee word. Hulle is vertel van die belangrike vordering wat oor die jare heen gemaak is, en van die pas gestigte 250 Ton Klub, wat die vordering erken wat deur die top ontwikkelende boere gemaak word. Hulle het hierdie boere ontmoet wat elke geleentheid aangegryp het om die opleiding te ontvang, en ook die veldondersteuning te benut wat deur die program verskaf word. Die ANC Vroueliga was bly om uit te vind dat hierdie opleiding gratis aan al die deelnemers verskaf word, aangesien die kursusse deur die onderskeie graantrusts geborg word.

In 2009 het lidmaatskap van die 250 Ton Klub tot 42 lede toegeneem, en in 2010 het die klub 52 lede gehad, met sommige van die lede wat na die 500 Ton- en 1 000 Ton-kategorieë opgeskuif het (26 x 250 Ton-lede; 16 x 500 Ton-lede en 10 x 1 000 Ton-lede). Teen 2011 was daar 58 lede in die 250 Ton Klub.

**250 TON-KLUBLEDE DEUR DIE JARE**

| | 250 Ton Klub | 500 Ton Klub | 1 000 Ton Klub | 1 500 Ton Klub | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **2008** | 21 | 7 | 4 | | 32 |
| **2009** | 23 | 10 | 8 | | 41 |
| **2010** | 28 | 13 | 10 | | 51 |
| **2011** | 30 | 17 | 10 | | 57 |
| **2012** | 30 | 17 | 10 | | 57 |
| **2013** | 47 | 18 | 14 | 2 | 81 |
| **2014** | 66 | 30 | 16 | 3 | 115 |
| **2015** | 67 | 31 | 18 | 3 | 119 |



**Die 2015 wenner van die Graan SA/Absa Bestaansboer van die Jaar was Ngubengcuka Moyo. Van links, besig om Ngubengcuka geluk te wens, is Jane McPherson (Graan SA Bestuurder: Boere Ontwikkelingsprogram), Ramodisa Monaisa (Seremoniemeester en Visevoorsitter van die Boere Ontwikkelings Werkgroep), Jannie de Villiers (Hoof Uitvoerende Beampte: Graan SA) en Ernst Janovsky (Hoof: Sentrum vir Uitnemendheid Absa AgriBesigheid).**



**Solomon Masango, vergesel van sy pragtige vrou, Christina, was 2015 se Graan SA/Absa/John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar. Jannie de Villiers, Ramodisa Monaisa, Ernst Janovsky en Antois van der Westhuizen (Hoof: Verkope Finansiering – Sub Sahara Afrika, John Deere Financial) het die wenner gelukgewens.**



**Die wenner van die Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar, 2015 was Daliwonga Nombewu.**

Teen 2015 het die 250 Ton Klub se verteenwoordiging sowel as die status gegroei. Dit het vir die boere 'n belangrike simbool geword waarteen hulle hulself meet. Hulle streef daarna om die opbrengste te behaal wat aan hulle lidmaatskap sal gee van wat hulle as 'n "elite" groep ontwikkelende boere beskou.

Sedert 2008 het die *Day of Celebration* 'n belangrike jaarlikse datum geword vir almal wat by Graan SA se OLP betrokke is. Op hierdie dag, wat op 'n sentraal geleë plek aangebied word, word benoemings vir die 250 Ton Klub sowel as finaliste en wenners van die Nuwe Era Kommersiële, Kleinskaalse- en Bestaansboere-toekenning bekend gemaak.

### Boer van die Jaar

Elke jaar word 'n kompetisie vir boere in al drie kategorieë aangebied, en dit is werklik bemoedigend om die vordering van die boere te sien. Daar is elke jaar ook meer boere wat wil deelneem, en dit raak al hoe moeiliker om 'n wenner te identifiseer namate die mededinging strawwer word. *Dit is nie meer moontlik om hulle bloot op grond van die produksiepraktyke te beoordeel nie, en goeie kommersiële praktyke word die norm.*

## VENNOOTSKAPPE EN HERKAPITALISERING

*Geen enkele groep kan eienaarskap van die ontwikkelingsproses neem nie.*

Daar is talle rolspelers in die graanbedryf en dit is belangrik dat daar goeie werksverhoudinge moet wees, aangesien ons almal dieselfde doelwit deel. Die veld van

ontwikkelende landbou is baie groot en dit is belangrik om toegang tot inligting en steun op alle gebiede te kry. Deur hierdie program word daar gepoog om al die onderskeie rolspelers in die landboubedryf by die ontwikkeling van boere te betrek – elkeen het 'n rol om te speel.

Koördinasie is noodsaaklik as daar konstante en volgehoue vordering moet wees. In die belang van langtermynvolhoubaarheid moet die boere bygestaan word om al die verskillende rolspelers op hulle boerderygebied te leer ken. Hulle moet 'n ondersteuningsnetwerk hê wat sal voortgaan wanneer hulle kommersiële status bereik.

Goeie verhoudings word gesmee met personeel van die LNR, die Departement van Landbou, die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming, die insetverskaffingsmaatskappye vir saad, misstof, chemikalieë, kalk, diesel, versekering, finansiering en meganisering, asook provinsiale en plaaslike owerhede. Elkeen van hierdie rolspelers het 'n eiesoortige bydrae om tot die proses van volhoubare ontwikkeling te maak.

Die program het vir baie jare deur die studiegroepe, demonstrasieproefnemings, boeredae, die Boer van die Jaar-kompetisie, gevorderdeboer-program, ontwikkeling van opleidingsmateriaal, opleidingskursusse, weeklikse radio-uitsendings en 'n maandelikse nuusbrief op vaardigheidsontwikkeling, opleiding, bemagtiging en kapasiteitsontwikkeling gekonsentreer. Vordering ten opsigte van kommersialisering was 'n stadige proses, met die fokus op wat as "ware ontwikkeling" beskou is – die ontwikkeling van die individu.

Die harde werklikheid van diegene wat op grondvlak gewerk het, was egter nie meer dat, indien beste praktyke geïmplementeer word en beste opbrengste behaal word, alles vir tevrede boere gelukkig sou eindig nie. 'n Finansieringskrisis wat die swaarverdiende boerdery-ondernemings bedreig, was eerder vir talle ontwikkelende boere die realiteit. Teen 2010 was die produksiekoste vir graan ongeveer R5 000/ha (vir direkte koste). In werklikheid was die koste vir ontwikkelende boere om verskeie redes gewoonlik hoër as vir kommersiële boere:

(1) Die grond was dikwels uitgeput, sodat die bemestingsvereistes groter was;

(2) die boere het nie aanvullende sekuriteit gehad om lenings te sekureer nie, en was gedwing om insetversekering uit te neem om die lenings te sekureer – teen hoër koste;

(3) die trekkers en implemente van die ontwikkelende boere was oud en afgeleef, en die herstel en onderhoud het meer gekos;




**Boere ontvang kunsmis by Khumbula Nsikazi Stadion.**



***Jobs Fund*-mielies in Mpumalanga.**



**Die verskil wat dit maak as jy weet wat jy doen – *Jobs Fund*-mielies links en 'n rampspoedige gevolg regs.**



**Video: 'n Video-oorsig van Graan SA se deelname aan die Regering se herkapitaliseringsprojek.**

(4) boere het nie altyd al die toerusting besit wat vir produksie benodig word nie, en hulle moes vir kontrakwerk begroot, byvoorbeeld vir oes- en plantbedrywighede;

(5) hierdie boere het nie die voordele van skaalbesparings gehad om oor die prys van insette of oor goeie bemarkingskontrakte te onderhandel nie; en

(6) die meeste boere moes geld leen vir produksie, wat 'n rentelas bygevoeg het.

Die meeste boere het nie langtermynrekords gehad nie, die meeste het oorlaatskuld gehad as gevolg van die lae pryse van die 2008- en 2009-seisoene, en daar was 'n algemene wanhopigheid omdat almal gesukkel het om toegang tot produksiefinansiering te verkry. Verslae deur ontwikkelende boere aan die werkgroep het die krisis bevestig:

*As gevolg van die swak winsgewendheid van graanboerdery is slegs 'n paar boere deur die plaaslike landboubesighede gefinansier, en is daarna gedwing om multirisikoversekering uit te neem, wat die produksiekoste aansienlik verhoog het. 'n Lid van die "Stem van die Produsent"-komitee het gerapporteer dat die boere almal as gevolg van die lae pryse en hoë produksiekoste met oorlaatskuld sukkel.*

Op hierdie gebied is daar min produksie en geen verdere ontwikkeling nie. Dit het daarom duidelik geword dat *iets op 'n ander manier gedoen moet word*. Graan SA het besef dat staatsingryping op die hoogste vlak nodig was om lewensvatbaarheid en volhoubaarheid vir ontwikkelende produsente te verseker.

In 2012 het die program met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOGH) saamgewerk om ontwikkelende boere regoor die land te bemagtig. Vir die eerste keer is holistiese sakeplanne – nie net vir die graanproduksie-aspekte nie – opgestel, en teen September 2012 is 36 miljoen na 'n afsonderlike bankrekening oorgeplaas om deur die programspan en die boere self bestuur te word. Ten einde hierdie fondse te bestuur, moes Graan SA by die Raad op Finansiële Dienste registreer. 'n Internet-gebaseerde rekeningkundige stelsel wat deur Graan SA gestruktureer is, maak dit moontlik om 'n bankrekening vir elke individuele boer te bestuur. Hierdie bankrekenings is by Standard Bank en word derdeparty-fondsadministrasie- (TPFA-) rekenings genoem. Ná die verloop van die herkapitaliseringsproses maak die boer die rekening van Graan SA "los" en bedryf die rekening dan op hulle eie. Op hierdie manier bou die boer met verloop van die projek 'n bankrekord op.

Die 2012/2013-inisiatief het gefokus op 16 boere wat in die Vrystaat, Noordwes en Gauteng geïdentifiseer is. Streng finansiële bestuur het verseker dat die fondse vir meganisering vir grondvoorbereiding, die koop van insette vir produksie en die vestiging van die gewas benut word. Aandag is ook aan belangrike infrastruktuur soos skure, heinings, water, ensovoorts geskenk. Herkapitalisering het tot in 2013 en 2014 voortgeduur, met verdere projekte in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes wat deur die DLOGH befonds is. 'n Ander herkapitaliseringsprogram is in vennootskap met die Departement van Landbou in Noordwes bedryf.

Hierdie proses het in 2012 begin, en tot op hede (2015/2016) het die OLP R280 miljoen vir hierdie boere bestuur, en kan met trots sê dat hulle al die fondse doeltreffend in vennootskap met die boere bestuur het. Nie 'n enkele sent het ooit verdwyn nie, en 'n skoon oudit is van die Ouditeur-Generaal ontvang. Die projek was 'n reusesukses, maar politieke en ander agendas het ongelukkig verskyn en wat oorspronklik as 'n vyfjaarprogram vir die boere beoog was, beëindig.

Graan SA se OLP sal in die toekoms 'n ander dimensie aanneem waarin produksiefinansiering vir nuwe boere noodsaaklik is.

Met die hulp van die Nasionale Tesourie se pas-geskepte fonds vir die bevordering van werkskepping, die *Jobs Fund*, het die OLP daarin geslaag om in 2015 'n program bekend te stel ingevolge waarvan 1 577 kleinhoeweboere toegang verkry het tot insette en meganisering om 1 802 ha te bewerk.

Intussen is nuwe vennootskappe ten opsigte van navorsing en ontwikkelende landbou met die regering gesluit. Die databasis en projekte van die Ontwikkelende Landbou-afdeling is by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se beleidsaksieplan vir landbou geïnkorporeer.

Graan SA se OLP het nog nooit daarop aanspraak gemaak dat dit DIE ENIGSTE antwoord op ontwikkelende landbou is nie. Dit was eerder nog altyd 'n begeerte om brûe te bou en stewige verhoudings tussen boere, verteenwoordigers van die talle maatskappye in die sektor, finansiële instellings en landboubesighede te smee. Daar was oor die algemeen positiewe interaksie tussen Graan SA en die onderskeie staatsdepartemente op provinsiale sowel as nasionale vlak, en talle goeie vriendskappe het hieruit ontwikkel. Met verloop van tyd was daar ook 'n aantal vennootskappe tussen Graan SA en bedryfsrolspelers, en by boeredae en demonstrasieproefnemings sal die handelsmerke en baniere van 'n aantal belanghebbers teenwoordig wees.

Hoewel Graan SA se verhouding met politici nie die afgelope tyd veel gegroei het nie, het samewerking met die amptenare verbeter en toegeneem omdat Graan SA resultate kan lewer. Ongeag die politieke winde en onderstrominge is genoeg bekostigbare voedsel steeds 'n gesogte kommoditeit. Voedselsekerheid bly sentraal – en word selfs belangriker as gevolg van die droogte en klimaatsverandering.

Georganiseerde landbou moet in die toekoms sy vennote in 'n ander konteks beskou. Politieke aanstellings deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye op die rade van graantrusts sal na verwagting tot 'n herevaluering van die befondsingsprioriteite van die trusts lei. Insetverskaffers wat in die vorige era as borg vir landbou opgetree het, sal ongetwyfeld nader aan 'n organisasie soos Graan SA beweeg om op bedryfsvlak deur befondsing betrokke te raak.

## DATABASIS EN WEBVERSLAGDOENING

Oor die jare heen is 'n geweldige hoeveelheid inligting ingesamel oor elke boer wat deel van die ontwikkelingsprogram is. Hierdie omvattende data sluit in: Persoonlike inligting, grondtoegang en tipe besitreg, bates (lewende hawe, trekkers en implemente), produksierekords (nie van alle boere nie), en 'n rekord van die opleidingskursusse wat hulle voltooi en studiegroepvergaderings wat hulle bygewoon het.

Al die aktiwiteite van die voltydse en gekontrakteerde personeel in die program word daagliks op die webwerf aangemeld. Dit sluit studiegroepbesoeke, plaasbesoeke, opleiding, demonstrasieproefnemings, Boer van die Jaar-kompetisie, mentorskapverslae en skoolbesoekverslae in. Die inligting is bygewerk en "lewendig" en enige lid van die bestuurspan kan ter enige tyd maklik toegang daartoe verkry.

## DIE HART VAN DIE REIS

Ontwikkeling van mense, verbetering van boerderybedrywighede, verandering van lewens en die gee van die geskenk van hoop – dit is die resultate van die werk wat gedoen is deur 'n span entoesiastiese mense met 'n reputasie vir beleefde ingryping, uitstekende werk, skaars taalvaardighede en kundigheid op die gebied van ontwikkelende landbou. Hierdie werk word standvastig ondersteun en aangemoedig deur die sterk en visionêre leierskap van Graan SA se HUB, mnr Jannie de Villiers, wat sy mandaat om ontwikkelende landbou te bedryf van Graan SA se kongres ontvang. Programbestuurder McPherson en haar toegewyde span wat altyd gereed en bereid is om die saak van ontwikkelende boere op te neem, het hierdie droom baie verder geneem as wat enigiemand kon dink.

## TEN SLOTTE

Toe McPherson in 2005 haar pos aanvaar het, is die program met R2 miljoen deur die verskillende trusts befonds, en daar was vier personeellede wat met Harman saamgewerk het. Teen die einde van 2015 het die befondsing van die program R24 miljoen beloop, en nege streekskantore word met 'n personeel van 26 permanente spanlede bedryf. Die program het verder ook ten minste 15 ervare opleiers wat gekontrakteer is om opleidingsessies en mentorskap te hanteer en die skoleprogram te bedryf.



